**Saterdag 16 Desember**
**Skrifgedeelte: Lukas 5:1-11 (AFR53)**
**Fokusgedeelte: Lukas 5:8, 10**
**Christus se wonderwerke tot vertroosting van die geroepe sondaar**
Die wonders van Christus in Lukas 5 begin met die wonder van sy prediking. Christus verkondig die Woord, soos Hy reeds gedoen het van kind af (Luk. 2:46-49). Hoekom word die verkondiging van die Woord dan as ’n wonder beskou? Aangesien Christus daardeur die gesag bekendmaak waarmee en waarvoor Hy aarde toe gekom het, soos Hy self sê in Lukas 4:43.
Die koninkryk van God is juis die gesag van Christus, aangesien Hy die Owerste oor die konings van die aarde is (Op. 1:5). Nie net verkondig Christus die gesag wat aan Hom gegee gaan word nie, maar Hy toon ook in praktyk dat hierdie gesag aan Hom gegee word. Op bevel van Christus gaan die dissipels na diep waters waar hulle die aand voor die tyd vis probeer vang het, maar niks gekry het nie. Alhoewel Petrus huiwerig was, ken Hy ook die reeds die verkondiging van Christus se almag, en luister op grond van die Woordverkondiging na Christus.
Hierdie is dus die grootste wonder wat plaasgevind het: nie die vangs van die vis nie, maar die vangs van drie ongelowige mense tot diens van Christus. Die reaksie van Petrus is merkwaardig. Hy besef onmiddellik deur die verkondiging van Christus Wie Christus is, en besef hoe minderwaardig die mens teenoor Christus is.
Hier sien ons die uitvoerende gesag van Christus: Hy roep sondige, swak mense tot sy dienswerk. Drie gewone vissermanne word geroep tot indiensopleiding deur die groot Leermeester. Die uitvoerende gesag van Christus word hierin duidelik: nie een van ons kan die roeping van Christus ooit weier nie, maar die gesag van Christus bring ons tot die oortuiging van ons dienswerk in Hom en vir Hom.
*Sing: Skrifberyming 20-1 (49):1, 3, 6 (melodie Ps. 134-1).*
*Ds. JG Ehlers (Jan) (Meyerton)*